# GEMEENTEBULLETIN

VERSORG · TOEGERUS · GESTUUR
TUINEDAL
huisgesin van God

09:00 Erediens

**Prediker**: Ds Anton Louw

**Teks:** Genesis 32:22-32

**Tema**: *"Floreer ten spyte van wonde en sonde"*

Laerskoolkinders tot graad 6 word aangemoedig om tydens **Kindertyd** vorentoe te kom en deel te neem aan die erediens.
Die **Kategeseskool** is weer in volle swang! Gr 7 tot 11 se tieners vergader na die diens in die saal. Op 'n Vrydagaand word **Tienergroepbyeenkoms** by George-Suid gemeente gehou van 18h00 tot 21h00
Ons staak vir eers die uitstuur van Huiskerkmateriaal. Hiermee wil ons lidmate aanmoedig om eerder Sondag die erediens by te woon. Veilgheidmaatreëls is in plek. Ons vertrou om soos van ouds weer diepe geloofsgemeenskap met mekaar te beleef.

## Tuinedal - Verjaar

Tuinedal-gemeente is op **25 Januarie 1982** gestig. Dit beteken ons is **40 jaar** oud! Ons beplan later vanjaar 'n **onthou-aand** met goeie kos en wyn, ou foto's, staaltjies, baie lag en kuier en lofprysing vir die Here se goedheid en guns die laaste 4 dekades!
Ons wil lidmate aanmoedig om 'n **spesiale offer** van **R400** (R10 vir elke jaar) te skenk. Hierdie offers sal uitsluitlik aangewend word vir ons **B.U.G.-bediening**. Elke sent sal dus aan barmhartigheid, uitreik en getuienis spandeer word. Ons mikpunt is om ten minste **R20 000** op hierdie manier in te samel!

Daar is besoekversoekvorms by die deur beskikbaar. Voltooi gerus een as jy 'n behoefte aan 'n besoek wil deurgee. Dit kan by die kerkkantoor ingegee word gedurende kantoorure (08h00 tot 13h00 van Maandae tot Vrydae) of tydens die erediens op Sondae ingehandig word.

**Ons loof die Here vir R6 000 se produkte wat ontvang is as skenking vir ons Noodvoedingsprogram**

## Ons treur en troos saam...

**Caroline Nel is oorlede. Bid asseblief vir haar man, Rayno, hul seun, Marco (13) en die hele Oosthuiszen-familie.**

**Ons bid vir Martin en Louisa Carstens wie se seun, Conrad (31), oorlede is. Mag hulle vertroosting vind.**

Nedbank: Rekening naam: NGK George-Tuinedal
Tjek rek no: **114 289 5416,**
Takkode: 198-765
Kaart-fasiliteit by die kantoor beskikbaar.

**DEURKOLLEKTE:**
**Noodvoeding**

**AS HUISGESIN VAN GOD...**

...WIL TUINEDAL 'N **VEILIGE RUIMTE** WEES WAAR GOED **VERSORGDE** EN **TOEGERUSTE** LIDMATE **GESTUUR** WORD NA 'N STUKKENDE WÊRELD – TOT **EER VAN GOD.**

## Almanak 2022

**Ons borg vir Januarie 2022 is Riaan du Toit by York Vulstasie. Ondersteun hulle asseblief.**

**Kom haal jou almanak eerskomende Woensdag by die kerkkantoor. Aanvanklik is daar net een per huisgesin beskikbaar.**

**Die almanak kan ook in PDF-fomaat van die webblad afgelaai word**

**George Munisipaliteit** het met onmiddelike effek **waterbeperkings** ingestel. Die onlangse vloede en pype wat gebars het gedurende November en Desember 2021, het tot gevolg gehad dat die munisipale reservoirs nie ten volle kon herstel om as rugsteun te dien vir die hoë seisoen aanvraag nie. Loer gerus na die munisipale webblad vir meer inligting. Hou intussen die volgende in gedagte om **WATER SPAARSAMIG TE GEBRUIK** en ook slegs vir **BASIESE BEHOEFTES** veral gedurende spitstye. Spitstye is tussen 07h00 – 09h00 soggens, 12h00 to 14h00, and 17h00 to 20h00.

- Moet asseblief nie jou **tuin** met 'n tuinslang natmaak nie. Gebruik reënwatertenks waar beskikbaar. Maak slegs nat wanneer dit koel is om verdamping en vermorsing te voorkom.
- Moet asseblief nie jou **motorvoertuig** was met 'n tuinslang nie – gebruik liewer 'n emmer.
- Moet asseblief nie jou **swembad** volmaak of jou oprit met drinkwater afspuit nie.
- Sportfasiliteite en skole word versoek om nie hul sportvelde te besproei tensy gestoorde reënwater vir hierdie doel aangewend word.
- Gebruik water asseblief net vir **noodsaaklikhede** – maak krane behoorlik toe, verseker dat lekplekke reggemaak word by die huis – dit sal jou maandeliks geld spaar!

**BELANGRIK – Rapporteer waterlekke en gebarste pype sonder versuim by 044 801 9262/66 of na-ure by 044 801 6300**

# VOORBIDDING

*Jakobus 5:16 "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking."*

- ...vir **geestelike herlewing**, in ons gemeente – dat mense weer God sal ontdek as die betroubare en nabye Een in hul daaglikse bestaan
- .... vir groter offervaardigheid en **getroue rentmeesterskap** sodat die Kerkraad God se droom vir Tuinedal kan realiseer
- ... vir **die skole en onderwysers wat pas die nuwe skooljaar afgeskop het.** Vir fokus en passie en energie oms ons kinders op te voed.
- **...vir die gesondheidsektor wêreldwyd,** vir die bekamping van die Korona-virus, die ontwikkeling van meer effektiewe teenmiddels en geneesmiddel en vir mense wat die virus onder lede het.
- **... dank die Here vir die van ons wat gesond is nadat ons die virus opgedoen het.**
- ...vir die **welstand van gesinne**. Ons bid spesifiek vir emosionele, fisiese en geestelike welwees. Ons bid opnuut vir vreugde en balans in hul lewens.
- ...vir ons internasionale **sendelinge**: Gerhard en Nadine in China; Stéphan en Carina in Japan. Ook vir ons binnelandse **sendelinge**: E.J. en Koekoes in Kammieskroon onder YFC.

***Siekes en ongesteldes* in ons gemeente:**
**Lorraine Magerman** (oogoperasie), **Christine Thompson** (blaas & niere), **Judy** (kanker), **Annalisa** (kanker), **Marlyn van Rooyen** (kanker), en **almal wat herstel na kankerbehandeling**.

# VERJAARSDAE

*Baie geluk!*

**Dinsdag 1 Februarie:** Corné Stander PA1.2
**Donderdag 3 Februarie**: Jeremy Potts PA2.3, Johan Lamprecht Dor6.1 & Maureen Van Rooyen GW1.4
**Vrydag 4 Februarie:** Calie Breytenbach RR1.5, Heike Hubbard Bos1.1 & Lianca Botes PA1.3
**Saterdag 5 Februarie:** Brenda Stander PA1.2

GW = Groeneweide Park, BW = buitewyk, Dor = Dormehlsdrift, GS = George Suid, Bos = Bos en Dal, PA = Pacaltsdorp, K = Kingswood en King George Park & RR Rooirivier Rif.